# Kareeberg Munisipaliteit

## 15/2021 KWOTASIE: HERSTEL VAN GEBOUE

Skriftelike getekende kwotasies word hiermee ingewag vir herstelwerk aan die volgende geboue:

**<u>Vanwyksvlei Gemeenskapsaal</u>**

- verf gebou binne en buite
- herstelwerke aan toiletfasiliteite
- vervang van gebreekte ruite
- algemene onderhoud soos uitgewys tydens inspeksie

**<u>Vosburg Gemeenskapsaal</u>**

- verf van gebou binne en buite
- herstelwerke aan toiletfasiliteite
- vervanging van gebreekte ruite en aanbring van beskerming
- herstelwerk elektriese bedrading
- algemene onderhoud soos uitgewys tydens inspeksie

Verpligte terreininspeksies sal as volg plaasvind
**Vanwyksvlei**: Woensdag, 31 Maart 2021 om 10:00 by Gemeenskapsaal
**Vosburg**: Woensdag, 31 Maart 2021 om 14:00 by Gemeenskapsaal

**Kwoteerders moet hulle unieke MAAA nommer verstrek. Kwotasies sal verwerp word indien die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD4) nie aangeheg is nie. Geliewe daarop te let dat evaluering op die 80/20-puntestelsel sal geskied, en derhalwe moet die vorm MBD 6.1 ook ingedien word vir beoordeling op die 20-puntstelsel. Die ingevulde vorms MBD9 en MBD 8 moet ook aangeheg wees met bewys dat geen gelde aan 'n munisipaliteit verskuldig is ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. In geval van 'n maatskappy moet die direkteure se rekenings aangeheg word.**

Verseëlde kwotasies gemerk "**KWOTASIE: HERSTEL VAN GEBOUE**" moet die ondergetekende voor of op **Vrydag, 9 April 2021** om **12:00** bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om die laagste of enige kwotasie te aanvaar nie, en behou die reg voor om enige kwotasie as geheel of gedeeltelik te aanvaar.

MNR. Z. MJANDANA
WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

26 Maart 2021

L8.2.1
Kennisgewingbord
Noordwester, 26 Maart 2021